Ps. 119:1, 10  Die Waarheid en die Naaste  K  Aut. 23 Des. 62
Ges. 11: 1, 5  Jak. 3; Op. 19:11-16 (S 46)
" 155: 4.

Efesiërs 25 - Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.

In die laaste boek v.d. Bybel is daar 2 mededelings wat vir ons van besondere betekenis is om die 9e gebod te verstaan - dié gebod wat handel om waarheid en leuen:

1) I.d. eerste (Op. 13) word die Bees geteken wat uit die see opkom ..."En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek". "En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan". Hier het ons die Antichris, die groot leuengees, wat d. menslike lewe en denke beheer en stuur.

2) I.d. tweede (Op. 19) het ons die beeld v.d. Ruiter op d. wit Perd uit wie se mond 'n swaard uitgaan. Drie-maal word sy Naam genoem, elke keer met ander woord v beskrywing: "Getrou en Waaragtig". "Die Woord v God" "Die Koning van die Konings en die Here v.d. here". Dis hd. Ruiter wat d. Dier & sy valse Profeet aanval en oorwen. (Die gees v.d. Waarheid)

Dis nou in Openbaring - gesigte, voorspellinge, toekomsvisies. Mr. sal dit in werklikheid so uitval? Door Satan meer. Genoeg dat ons nu besef: ~~[illegible]~~ hd. lewe word elke dag 'n stryd gevoer tussen waarheid en leuen, nie net om ons nie, mr ook in ons. Elke dag word die waarheid bedrieg, verdraai, verkrag, verwater, vermoor: in ~~ons~~ gedagtes, gesprekke, in ~~ons~~ al die Kommunikasiemiddels wat d. mens geskep het. Oral daar waar die menslike woord gespreek word (radio), gedruk word (pers), verteek word (televisie, toneel, drama) daar skep die onwaarheid, die valse getuienis in! Of dit in demokratiese of diktatorlande is, oral word een of ander tyd deur alle mense en alle owerhede die waarheid geweld aangedoen

Mr. laat ons die wêreld daarbuite uitlos en na onsself inkeer, ~~Die~~ want die 9e gebod is 'n

baie persoonlike: Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. Die waarheid word hier verbind aan my naaste, my medemens en ons H.K. gee ons die praktiese illustrasie van wat hd. gebod is: „Dat ek ....

1 Wat word verbied? „Dat ek alle lieg en bedrieg as die eie werke v.d. duiwel moet vermy"

- Geen valse getuienis
- Geen halwe waarheid
- Geen skinder of laster
- Geen ligvaardige of onverhoorde oordeel (grondslag v. ons hele regswese).

2. Waarom word dit verbied?

a) Omdat dit jou naaste beskadig v. benadeel:

- Tong is rower - . .

b) Omdat dit die werk v. God verhinder v. vertraag:

c) Omdat dit d. duiwel i.d. hand speel:

3. Wat word gebruik?

a) „Ek die waarheid moet liefhê, spreek & bely in d. gereg en alle handelinge

b) My naaste se eer en goeie naam na my vermoë moet verdedig & bevorder"

4. Hoe dit bevestig?

a) Xtus gesterf vir d waarheid

b) Prikstok d. waarborg v.d. nuwe lewe (teenge soos van hom)

c) Die liefde weerd & d. waarheid bemin

d) Leef vir die weet: Die Ruiter het Oorwin!